

DIE VERBAND TUSSEN BAVINCK SE PSIGOLOGIE EN SY BESKOUIING OOR  
TUG, SKOOLINRIGTING EN ONDERWYSER.

1. Inleiding.

As onderdeel van sy metode van onderwys behandel Bavinck ook die kwessie van gesag en tug. Aangesien dit egter van besonderè belang is vanweë Bavinck se besondere standpunt, behandel ons dit in 'n aparte paragraaf.

Oor sy skoolinrigting handel hy in verskillende werke. Ook hier beweer Bavinck dat die stelsel in 'n geheel moet pas en ten nouste met sy algemene lewens- en wêreldbeskouing moet saamhang.

Ongelukkig handel Bavinck nie afsonderlik oor die onderwyser nie, maar oral vind ons in sy werke die pligte wat hy aan die onderwyser toeskryf. Die onderwyser bly vir hom die plaasvervanger van die ouer; daarom stel hy dieselfde hoë eise aan alle opvoeders. Maar sy eise behels nog meer: Christus bly vir hom die ideale Opvoeder omdat Hy God self is en geen kennis van die psigologie moet opdoen nie, aangesien Hy alwetend is. Die onderwyser kan dus altyd van Hom, wat die enigste volmaakte Opvoeder is, leer.

Ons wil in hierdie hoofstuk nagaan wat die verband tussen Bavinck se psigologie en sy tugbeskouing, skoolinrigting en die onderwyser is.

Ook in hierdie verband is dit nodig om kennis te dra van sy dogmatiek en wysbegeerte wat gedurig in sy psigologie en opvoeding ingewef is.

2. Die Verband tussen Bavinck se Psigologie en sy Tugbeskouing.

(a) Inleiding.

Bavinck behandel die vraagstuk van tug en gesag nie in sy geheel nie: hy neem veral standpunt in teen 'n rigting wat dwang en straf in die opvoeding verwerp.<sup>1)</sup> Hierteen verdedig hy nie alleen die reg om te straf nie maar hy wys ook op die opvoedende karakter wat die strafdra en waardeur dit dan tug word.

(b) Gesag en Tug: Vroeër en Tans.

(i) Die reform-pedagoë, met hulle subjektiewe metode, staan lynreg teenoor die ou pedagogiek. Hierdie metode vra nie soveel wat die leerstof eis nie, maar wel wat die kind eis.

Die onderwyser was vroeër die gesaghebbende persoon in die skool en die kind is aan hom onderwerp. Hierdie verhouding word egter nou omgekeer: nie die onderwyser, leerstof of leerboek nie, maar die kind is majesteit; ouers en onderwysers moet hulle voor die kind buig. Die ouer en onderwyser het geen regte meer nie, net pligte:<sup>2)</sup> al die reg is aan die kind se kant. As die kind nie gelukkig is nie, nie leer nie, nie deug nie, is dit die ouers se skuld. 'n Mens moet by die kind selfstandigheid en vrye heerskappy oor homself en individualiteit ontwikkel, plaas van om piëteit, eerbied en gehoorsaamheid te eis. Kinders moet in die eerste plek regverdig behandel word en nie gehoorsaamheid geleer word nie. Wek die kind se geneentheid en vrye belangstelling en bou daarop.

(ii) Vroeër is die akroamatiese metode gebruik<sup>3)</sup> waarby die

---

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 121.

2. Sien Bavinck: Bijbelsche en Religieuse Psigologie, 148 - 151.

3. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 215 - 217.

onderwyser spreek en die kind aanneem wat aan hom gesê word. Tans het niemand die reg om enige waarheid aan iemand anders op te dring nie. Meganiese werk en geheuewerk is huigelary en uit die borse: die kind het nie nodig om enigiets te glo of op gesag aan te neem nie. Vroeër is die vraag gestel wat die kind moet leer; tans word gevra wat met die kind se aard ooreenkom sodat hy dit kan leer. Die kind mag nie passief ontvang wat aan hom geleer word nie; hy moet aktief wees, hy moet sien, kies, soek en vind. Daarom moet die saak aan die woord, die stof aan die vorm, die konkrete aan die abstrakte, die nabysynende aan die verwyderde voorafgaan. Die kind moet vir die lewe opgevoed word tot 'n vrye, selfstandige, onafhanklike mens.<sup>1)</sup>

(iii) Waar daar vroeër streng tug op skool geheers het; waar die kind gedwing is tot die goeie en gestraf is vir die kwaad, word daar tans met die sogenaamde gedwongenheid en kunsmatigheid gebreek om terug te keer na die natuur. Nie die Skrif nie maar alleen die menslike natuur gee die wet vir alle opvoeding aan. Die kind dra die gawes en kragte, wat bepaal waartoe hy bestemd is in hom opgesluit; daarom moet hy soos 'n boom groei. Die taak van die opvoeding is dan om die mens na sy aard te lei waartoe hy bestemd is.<sup>2)</sup> As hy in 'n mooi omgewing geplaas word en onder ideale omstandighede opgroei, sal hy ontwikkel tot 'n menslike prag-eksemplaar.<sup>3)</sup>

Bavinck waardeer die goeie in hierdie tugbeskouing: die mens is nie alleen lid van 'n gemeenskap nie maar ook 'n individu met 'n eie oordeel, insig, neiging en wil; daarom kan

---

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 121.

2.a. Sien Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 35 - 36.

b. Jaarsma: The Educational Philosophy of Herman Bavinck, 173.

3. Bavinck: op. cit., 122.

hy nie na 'n bepaalde model of patroon geknip word nie. Maar hy het ook besware teen hierdie beskouing.

(c) Bavinck se Besware teen die Gesag van die Reform-  
pedagoë.

(i) Die Sedelike Gesag.

Dit gaan vir Bavinck hier om die fundamentele, allesoorheersende vraagstuk van die gesag. Hy onderskei tussen tweërlei gesag: die sedelike of persoonlike en die juridiese of amptelike gesag. Dit is hier nie soseer om die sedelike gesag nie,<sup>1)</sup> hoewel dit ook deur velerlei beskouing ondermyn word. Elkeen wat 'n studie van enige wetenskap, kuns, beroep of ambag maak, bring daardeur 'n mate van gesag mee, waarna andere opsien. Die sedelike gesag wat 'n mens onwillekeurig aan iemand toeken wat tuis is in sy vak en dus leiding kan gee, is oorwegend. Deur onkunde en onmag moet<sup>2)</sup> 'n mens soms die leiding aan andere laat. Gesag is in die algemeen die mag wat iemand het wat met gesag kan praat. Dit druk altyd 'n verhouding uit van 'n meerdere tot sy mindere, van 'n hoëre tot 'n laere. Omdat daar so 'n groot verskil en ongelykheid onder die mense is, neem die gesag 'n vername plek in: dit is die fondament van die ganse menslike samelewing. Dit is dus nie alleen dwaas nie maar ook gevaarlik om die geloof aan gesag te minag.<sup>3)</sup>

(ii) Juridiese Gesag.

Behalwe die sedelike is daar egter ook die juridiese gesag of die gesag van die regswese; dit wil sê sodanige gesag wat tot gehoorsaamheid verplig, enkel en alleen omdat dit daar is en bo die mens staan. Hierdie gesag berus

---

1.a. Sien Brederveld: Hoofddlijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 61.

b. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 36.

2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, 432.

3. Ibid.

op goddelike beskikking en verplig die mens tot gehoorsaamheid. Ouers, onderwysers en die owerheid moet vir die kinders en onderdane 'n voorbeeld wees. As dit egter nie gebeur nie -soos dit so velemale voorkom- is ons tog terwille van die Here verplig tot gehoorsaamheid.<sup>1)</sup>

Vanselfsprekend is die gesag in verskillende lewenskringe verskillend, in ooreenstemming met die lewenskringe onderling. Dit verskil nie alleen in die wyse waarop opgetree word nie, maar ook in graad. Want daar is republieke en monargieë; daar is huisgesinne met kleuters, en nog volwasse kinders; daar is huurlingsoldate en vaderlanders wat veg.<sup>2)</sup> Dit bring wysiginge, omskrywinge en beperkinge van gesag, maar prinsipieel bly die vraag altyd: het ons in die genoemde lewenskringe en die verhoudinge wat daarin bestaan met menslike willekeur of met goddelike bepaling te doen.<sup>3)</sup>

### (iii) Die Goddelike Gesag.

Dit is die geloof of ongeloof wat 'n antwoord op die vraag verstrek van wie gesag afkomstig is. Wie in God glo, selfs al glo hy nie aan God as die Vader van Jesus Christus nie, eerbiedig in al die lewenskringe en lewenshoudinge Gods bestuur: hy bou daarop, berus daarin en dank God dat hy dit mag glo. Want om so te glo, plaas dit die mens op 'n hegte fondament waarop hy kan bou. Die gebou egter wat die mens help optrek in die staat, kerk, gesin, skool, beroep of waar ook al het telkens herstelwerk nodig en word ook nie voltooi nie. Dit berus egter op vaste fondament. As God gespreek het, bestaan daar geen twyfel meer nie.<sup>4)</sup>

- 
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 124.
  2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, 432.
  3. Bavinck: a. Paedagogische Beginselen, 125.  
b. Gereformeerde Dogmatiek, I, 438.
  4. Ibid., 433.

So is daar 'n goddelike bestuur in die opvoeding, onderwys en die hele skoolwese. Dit is Gods bestuur dat daar ouers en kinders, onderwysers en leerlinge is; dat opvoeding moontlik en noodsaaklik is; dat alles nie op die verstand en die wil van die mens berus nie maar op die soewereine en vrymagtige wil van God. Daar is ook 'n groot verskil by die gesag van ouer, onderwyser en skool oor die kind.<sup>1)</sup> Vir die onderwyser, gesien by die lig van Gods Woord, bring dit dus ook gesag mee en vir die kind die eis van gehoorsaamheid. Die huisgesin en die skool berus in die lig van die vyfde gebod<sup>2)</sup> op outoriteit en piëteit. Elke kind is egter ook 'n skepsel, 'n mens, 'n kind van God, wat as verbondskind ook erfgenaam van die ewige lewe is, daarom kan ons ook spreek van die „majesteit“ van die kind.<sup>3)</sup> Die kinders van die gelowiges behoort tot die genadeverbond en aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.<sup>4)</sup> Bavinck wys daarop dat daar niemand is wat die kind so hoog stel as juis die Heilige Skrif nie:<sup>5)</sup> Jesus laat hulle na Hom kom en seën hulle<sup>6)</sup> en verkondig Gods lof deur hulle.<sup>7)</sup> Dieselfde Heilige Skrif gee ook aan die ouer en opvoeder regte en nie net pligte nie. Die onderwyser mag nie aan die kind of die kind aan die onderwyser opgeoffer word nie. Bo hulle staan Gods bestuur, wat die regte en pligte van elkeen afbaken en aan elkeen sy eie plek aanwys.

(d) Die Tug.

Die moderne pedagogiek wil nie alleen hervorming

- 
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 14.
  2. Ex. 20:12.
  3. Bavinck: op. cit., 126.
  4. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, IV, 136.
  5. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 126.
  6. Matt. 19:13-15; Lukas 18:15-17.
  7. Matt. 18:3; Lukas 9:48.

hê op die gebied van die gesag nie maar ook op die gebied van die tug op skool. Alle dwang en straf moet uit die skool verwyder word, sodat die kind ooreenkomstig sy eie aard en aanleg kan ontwikkel.<sup>1)</sup> Hierdie opvatting is die gevolg van Rousseau se opvatting en die van Pelagius wat die mens as van nature goed beskou en die erfsonde verloën. Die tug moet dan volgens die nuwe pedagogiek negatief wees: neem die slegte omgewingsinvloede weg en die kind sal goed opgroei. Daarom is die moderne pedagogiek teen alle vorme van liggaamlike straf.<sup>2)</sup>

Die nuwe tug het egter bitter weinig sukses behaal: dit blyk duidelik uit die bandeloosheid van die huidige jeug waaroor daar harder as ooit vantevore gekla word.<sup>3)</sup> Bavinck beweer dat dit ook nie anders kan nie, omdat die gesag van die ouers en onderwysers op allerlei wyse ondermyn word deur die kind as 'n koninklike hoogheid te vertroetel. So erg gaan dit daaraan toe dat: „Men beweerde, dat het aantal zenuwlijders onder de onderwijzers toenam, als gevolg van vele kwellingen, die zij van sommige brutale knapen te verduren hadden.“<sup>4)</sup>

Die versoeke om die herstel van liggaamlike straf is nie uit eerbied vir die Heilige Skrif nie, maar uit nood gebore. Die terugkeer dus tot liggaamlike straf is nie 'n terugkeer na Bybelse tug nie maar die invoer van 'n polisiemaatreël en die aanstelling van owerheidsweë van die onderwyser tot polisie-dienaar.

- 
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 41, 121, 152.
  2. Sien a. Brederveld: Hoofdpijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 68.  
b. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 47.  
c. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 179.
  3. Bavinck: op. cit., 153.
  4. Ibid.

Volgens hierdie maatstaf kry die straf 'n karakter wat met die Christelike tug in stryd is. Want die roede word dan 'n dwangmiddel, 'n magsgebruik wat nie uit die organies-sedelike verhouding groei wat die skool en skoollewe moet beheers nie. As die straf so van buite toegepas word, verbitter dit die kind en dit werk sedelik nadelig in op hom.<sup>1)</sup>

(e) Bybelse Tug in die Staat, Kerk, Huis en Skool.

Die Heilige Skrif oordeel vir Bavinck heeltemal anders: dit lê die roede in die hand van die ouer en onderwyser omdat hulle volgens die ordening van God met gesag oor die kinders aangestel is. Die Skrif leer dat die roede, in die besef van Gods besluit en met liefde gehanteer, vir die kind en leerling noodsaaklik en heilsaam is (Spr. 13:24, 19:18, 21:15, 23:13, 29:15,17; Hebr. 12:6-10; Openb.3:19).<sup>2)</sup> Tans weet die kind dat die onderwyser geen reg het om hom te straf nie en daarom word hy ongehoorsaam. Vroeër was die onderwyser 'n meester, 'n meester in die skool soos daar meesters was in die vrye kunste, in handewerk en bedrywe. Sy verhouding tot die leerling was die van 'n vader tot 'n seun.

In daardie sisteem van tug, ook met die roede, het die straf 'n sedelike karakter gedra. Die straf was soms streng, maar omdat die reg daarvan erken is, het die leerling dit gemakliker verduur as die ligte straf in die moderne tyd, omdat dit tans as 'n onreg gevoel word.

Die eienaardigheid van die skooltug kom nog duidelik aan die lig as dit met die in die huis, kerk en met die strafreg vergelyk word. Die owerheid straf die misdadiger: die owerheid tree egter nie as tugmeester op nie maar as wreker.

---

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 155.

2. Ibid.



Die kerklike tug dra weer heeltemal 'n ander karakter: dit is eintlik nooit straf nie, maar altyd kastyding. Die tug is vir die kerk 'n middel deur Christus aan die gemeente gegee om sy heilige karakter te bewaar.<sup>1)</sup> Daarom mag die tug nie die siel van die kerk wees nie maar die senuwee.<sup>2)</sup> Dit is waar dat die kerk maatreëls tref en reglemente neerlê en aan oortreders straf toedien. Dit hoort ook so, want God is 'n God van orde in alle gemeentes. Die maatreëls is egter net vir die buitekant van die gemeente se lewe bedoel. Dit moet alleen dien om die inwendige, die geestelike van die gemeente te beveilig en daaraan ruimte van beweging te laat. In die inwendige geestelike huishouding van die gemeente is daar egter geen straf nie, maar alleen kastyding: die lidmate is kinders van God, wat Hy lief het en hulle daarom vir afdwalinge kasty, By die terugkeer van die dwaling, deur belydenis van sondes, hou die tug op; diegene egter wat in die sonde volhard, gaan voort op die pad van die ban of uitsluiting, nie tot hulle verderf nie maar tot hulle behoudenis.<sup>3)</sup>

Die woord tug gee tekenne dat iets wat jonk, teer, klein en swak is met sorg opgekweek moet word. By die mens moet die opkweeking egter altyd abnormale ontwikkeling teëgaan, daarom kry die woord ook 'n bybetekenis van: teregwysing, kastyding, tugtiging. Die woord dui byna nooit alleen onderwys en onderrig aan nie maar altyd sulke opvoeding en onderwys wat teregwysend en kastydend optree.<sup>4)</sup> So voed God sy kinders op<sup>5)</sup> en Christus sy gemeente<sup>6)</sup> deur middel van die Skrif.<sup>7)</sup> Want die kerklike tug is geen wêreldlike straf

- 
1. Bavinck: Magnalia Dei, 504.
  2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, IV, 390.
  3. a. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 156.  
b. Sien Die Heidelbergse Kategismus, Sondag XXXI.
  4. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, IV, 404.
  5. Hebr. 12:5-11.
  6. Openb. 3:19.
  7. Tim. 3:16.

nie, maar 'n kastyding, wat naas die heiligdom van die verbond steeds ook die heil van die sondaar soek (2 Kor. 2:5-10; Thess. 3:14)<sup>1)</sup>.

Die Bybel spreek dus van tug volgens Bavinck as daar naas die opvoeding abnormale ontwikkeling teëgegaan word, waardeur die woord die bybetekenis van teregwysing, kastyding en tugtiging verkry.<sup>2)</sup>

Die tug in die huis en skool onderskei hulle egter van die tug beide in die kerk en in die staat. Die tug by die huis en skool onderskei hom nie alleen van die van die staat en kerk nie maar het ook iets gemeens aan beide. Want dit is tug, maar tegelykertyd ook straf; straf maar tewens ook tug. Dit is straf, omdat dit die orde van Gods wet handhaaf en tug omdat die oortreding 'n skending is, nie van die openbare orde oor wie die owerheid waak nie, maar van die eie kring: die huisgesin en die skool.

Die staat sorg vir die regsorde en die kerk vir die sedelike orde; die huis en skool sorg vir beide; dit lê ineengestrengel en het nog nie uitmekaar gegaan nie. Ouers en onderwysers straf daarom nie alleen oortredinge in die huis en in die skool soos diefstal en ongehoorsaamheid nie, maar ook sedelike gebreke soos eiesinnigheid, trots, stuursheid en hardvogtigheid.

Die tug moet positief wees deur verkeerde neiginge teë te gaan. Dit moet egter ook negatief wees deur die voorkoming van verkeerde neiginge.<sup>4)</sup>

- 
1. Bavinck: Magnalia Dei, 540.
  2. Strikwerda: „Beginselen der Christelike Tucht“, in Paedagogische Tijdschrift, 1914, 94.
  3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 158.
  4. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 79.

Die straf van die ouer en onderwyser is straf tot verbetering, want die oortreding is nie op die publieke lewensterrein nie maar in eie kring van gesin en skool. Dit word begaan nie deur onderdane van die owerheid nie maar deur kinders van ouers en leerlinge van onderwysers. Die aard en mate van straf moet met die oortreding ooreenstem maar ook met die karakter van die oortreder.<sup>1)</sup> Die staat erken in hoofsaak die een en die kerk die ander vorm van tug; die skool en huisgesin hou rekening met beide. Die huis en skool kan dus ook nie 'n maksimum en minimum straf voorskryf vir 'n serie oortredings wat in die wet vasgelê is nie: takt en wysheid van die opvoeder is nodig, terwyl die persoonlikheid van die opvoeder van verstrekkende belang is.<sup>2)</sup> By elke konkrete geval moet die opvoeder met Gods wet en met die belang van die skuldige rekening hou.<sup>3)</sup>

Die tug van huis en skool is onmisbaar.<sup>4)</sup> Dit is nie alleen negatief deurdat dit die kwaad uit die kind se omgewing verwyder nie, maar ook positief, om die verkeerde in die kind te beteuel en hom aan die goeie gewoond te maak.

Die strawwe wat natuurlike strawwe genoem word, is ontoereikend, „maar de zedelijke natuur van den mensch is niet van dien aard, dat zij zichzelf kan of mag worden overgelaten.”<sup>5)</sup>

(f) Opmerking.

Bavinck se psigologie het vir sy tugbeskouing betekenis. Gesag en tug is vir hom die fondament van die hele

- 
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 158.
  2. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 79.
  3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 158.
  4. Sien Coetzee: „Herman Bavinck as Opvoedkundige“, in Koers, April, 1936, 11.
  5. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 159.

menslike samelewing. Die gesag wat deur God aan die mens gegee is, wys daarop dat dit opvoeding en onderwys is wat altyd tereg wysend en kastydend moet wees. Bavinck wil die tug negatief en positief toepas. Verder is dit van belang dat hy die aard en mate van straf ook met die karakter van die kind wil laat ooreenstem. Meer sê hy hieroor egter nie. Dertens wil hy dat die opvoeder rekening moet hou met die belang, ook die geestelike belang van die kind. Vierdens wys Bavinck daarop dat die menslike natuur nie aan homself oorgelaat kan word nie maar deur tug gevorm moet word.<sup>1)</sup> Vyfdens bepaal hy dat tug van onderwys daarin te onderskei is dat dit veral op die wil van die kind gerig is. Hiermee bedoel hy dat die wil daaraan gewoond raak om langsaamhand vanself die slegte na te laat en die goeie te doen.<sup>2)</sup>

Behalwe die enkele los opmerkings het Bavinck sy psigologie nie verder op sy tugbeskouing toegepas nie.

Ons moet egter in die oog hou dat Bavinck die saak van die tug meer vanuit dogmatiese standpunt benader; dat hy die saak nie in sy geheel behandel nie, maar meer standpunt inneem teen 'n rigting wat alle dwang en straf in die opvoeding wil afskaf.

Bavinck se opvatting dat straf, suiwer as straf beskou, buite die opvoeding staan, kan ons nie onderskryf nie.<sup>k</sup> Die uitwerking van straf wat as straf bedoel is, kan ook bykomstige gevolge hê, naamlik sedelike vorming. Dit dra by tot die uitwendige onberispelike handeling en verhoed openbare verkeerde gesindheid. Daarby werk dit in op die

- 
- 1.a. Sien ook Brederveld: Hoofdlinje van die Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 69.
  - b. Van Klinken: De Paedagogiek van Bavinck, 65.
  - c. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 179 - 181.
  - d. Jaarsma: The Educational Philosophy of Herman Bavinck, 172 - 175.
  - e. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 47 - 48.
2. Los: op. cit., 181.

verstand van die persoon wat straf ontvang, sodat hy beseft dat daar 'n regsgoede is en die moet gehandhaaf word. Die onstuimige impulse word in toom gehou en dit dwing tot nadenke, wat aantoon dat regsoortreding 'n verkeerde gesindheid is.

So kan die opvoeder ook die straf, wat self nie 'n maatreël van tug is nie, in diens van die tug stel en daardeur die kind verbeter en nie verbitter nie.<sup>1)</sup> Omgekeerd moet hy deur tugmiddels oortredinge probeer voorkom en sodoende straf uitskakel.

(g) Samevatting.

(i) Bavinck behandel gesag en tug nie in sy geheel sover dit die opvoeding betref nie. Hy trek veral te velde teen die moderne pedagogiek wat 'n radikale verandering in straf en tug wil aanbring. Hulle is teen liggaamlike straf gekant wat 'n vergryp is teen die majesteit van die kind.

(ii) Die Heilige Skrif oordeel vir Bavinck anders: die roede uit liefde gehanteer, is nie alleen noodsaaklik vir die kind nie maar dit is ook heilsaam.

(iii) Die kerk se tug is sedelik; die tug van die staat is regstug, maar by die huis en skool is die twee vorme nog nie geskeel nie.

(iv) Die tug is daarom op alle terreine nodig en dit is van God gegewe.

(v) Die tug is volgens Bavinck nodig omdat die menslike natuur nie van geaardheid sodanig is om aan homself oorgelaat te word nie.

(vi) Deur die toepassing van tug word die wil daaraan gewoond gemaak om langsamerhand die slegte te laat en die goeie

te doen.

(vii) Gesag is vir Bavinck die fondament van die ganse menslike samelewing.

(viii) Omdat tug teregwysend, opvoedend en kastydend werk, voed dit die menslike natuur, wat nie aan homself oorgelaat kan word nie, psigologies op.

### 3. Die Verband tussen Bavinck se Psigologie en sy Skoolinrigting.

#### (a) Inleiding.

Bavinck handel oor sy skoolinrigting veral in sy werk „De Nieuwe Opvoeding“, waarin hierdie afdeling beskou kan word as 'n voortsetting van sy „Paedagogische Beginselen“. Verder handel hy oor die skoolinrigting in „De Opvoeding der Rijpere Jeugd“. Die twee boeke, wat onderskeidelik in 1917 en 1916 verskyn het, ontstaan in die eerste wêreldoorlog onder invloed van die gruwel en verwoesting wat Bavinck se fyngewoelige hart besonder gekwes het.<sup>1)</sup> Bavinck wil die opkomende invloed wat uit die oorlog gebore is, naamlik die rasionalisering, demokratisering en sosialisering van die geestesgoedere onder die soeklig plaas. Die nuwe opvoeding en die nuwe skoolinrigting staan in genetiese verband hiermee; daarom stel Bavinck aan die orde vir behandeling: die seleksieprinsiep, beroepskeuse, psigotegniek, die eenheidskool en die werkskool. Dit is almal belangrike punte wat ook tans nog aktueel is.

Daarby moet ons in gedagte hou dat die skoolstryd in Nederlande gedurende die tyd waarin Bavinck skryf, in 'n groot mate gewonne was. Christelike onderwys was binne

---

1. Van Klinken: Hoofdlinjen en Hoofdpunten van de Opvoedkunde, 261.

bereik van elke ouer. Daarom ondersoek Bavinck die skool-organisasie na die patroon van die oorlogstydse opvoedingsdenkbeelde.

(b) Die Seleksieprinsiep.

In die hele beskaafde wêreld openbaar 'n sterk drang hom by alle volke om hulleself te regeer en die hele landsbestuur demokraties in te rig. Die onderwys beweeg in dieselfde rigting: die skool moet meer gesosialiseer en gedemokratiseer word omdat dit, volgens die nuwe opvatting, aan die gemeenskap behoort en vir almal se belang daar is.<sup>1)</sup> Alle talente, of dit nou in die hoogste of die laagste klasse van die gemeenskap voorkom, moet in belang van die gemeenskap geëksploiteer word: daarom moet die moderne skool konsekwent die beginsel van seleksie toepas.<sup>2)</sup>

Vir 'n lang tyd was die tabula rasa-teorie aanvaar, naamlik dat alle mense oorspronklik by geboorte gelyk is en dat die verskil in kennis net ontstaan deur die hoeveelheid voorstellinge wat van buite aangebring word. Hierdie teorie is selfs deur Condillac en Helvetius aanvaar. Die werklikheid het egter met hierdie gelykheids- en gelykmakende teorie die spot gedryf. Manne soos Max, Stirner en Friedrich Nietzsche, Kierkegaard en Carlyle, Stuart Mill en Herbert Spencer verset hulle teen die sosialisme en pleit vir die regte van die individu. 'n Groot skare van pedagoë waaronder Ellen Key, H. Pudor, Ludwig Gurlitt en Arthur Bonus het na hulle stem geluister en die spoor gevolg.

Deur die studie van erflikheid is daar tans teruggegaan na die ou opvatting dat mense fisies en psigies ongelyk is.

---

1. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 218.

2. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 78.

Die moderne kultuur maak egter bestaande dinge ongedaan: alle verskil in rang en stand, in gesag en amp verdwyn hoe langer hoe meer; daar is politieke gelykheid wat die sosialisme ten gevolge het. Teenstelling van klasse is uit die bouse en moet so gou moontlik verdwyn: die leuse is gelyke regte en gelyke geleenthede vir almal.<sup>1)</sup> Daar kom egter by dat rekening gehou moet word met die liggaamlike en geestelike bevoegdhede van die indiwidu.

Die beskouing van die teenswoordige tyd is meedoënloos en hard teenoor die minderbegaafdes en gee net aan die rykes en beter bedeelde geleenthede tot ontwikkeling en verheffing bo ander. Hierin moet algehele verandering kom. Ons moet uitgaan van die ongelykheid in bevoegdhede: so gou moontlik dus differensiasie by die onderwys.<sup>2)</sup> Seleksie moet van die laerskool af tot by die universiteit toegepas word.

Seleksie moet in die eerste plek negatief wees, deur onbegaafdes en onbekwames uit plekke te weer wat hulle nie in die maatskappy toekom nie. Tweedens moet dit positief wees deur al die begaafdes en talentvolles op te spoor, te steun en te ontwikkel.<sup>3)</sup> Die psigografie sal hierin 'n groot hulp wees.

Tans is dit die geval dat ampte, betrekkinge en beroepe soms deur onwaardiges en ongeskiktes gevul word: geboorte, rang, stand, geld en voorspraak gee dikwels deurslag by die benoeming. Die toekomsleuse is: minder eerbewyse aan die Alexanders, maar hulde en prys aan die Archimedesse.<sup>4)</sup>

- 
1. Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 163.
  2. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 79.
  3. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 127, 176.
  4. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 80.



Naas die gelyke kanse wil die nuwe skool ook gelyke regte hê: individualisering volgens talente en gawes. Der-<sup>1)</sup> halwe moet daar na differensiering van skole gestreef word. Die skole wat bestaan, werk in verskillende rigtinge onbillyk: hulle eis van die swakke te veel en van die sterke te min; dit offer die begaafdes aan die minder begaafdes op en deur verkeerde metodes bereik die minder begaafdes ook nie waartoe hulle in staat was nie. Daarom moet die leerlinge gesif word en in aparte skole kom: nie alleen vir blindes en doofstommes nie, maar ook vir swaksinniges, spraakgebrekkiges, hardhorendes en buitengewoon begaafdes. Differensiasie is nodig veral vir voortgesette, middelbare en hoër onderwys.

(c) Beroepskeuse.

(i) Die Seleksieprinsiep.

Word die skole egter so geskei, dan is buro's vir beroepskeuse noodsaaklik: bekwame raadgewers kan aan ouers voorligting gee oor welke skool die verkieslikste vir hulle kinders is.<sup>2)</sup>

Die „test“ is vir Bavinck 'n soort eksperiment waarmee 'n mens 'n besondere psigiese eienskap of individuele psigiese geaardheid van die individu wil vasstel.<sup>3)</sup> Binet en Simon stel 'n metriese skaal vas wat die kinders se gemiddelde peil in bepaalde lewensjare vasstel. Die tegniek van die toets beskryf Bavinck nie, aangesien dit in elke leerboek oor die onderwerp te vinde is. Dit gaan vir hom alleen om die saak.

Intussen egter is daar behoefte by 'n tal van ouers

- 
1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 237.
  2. Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 172.
  - 3.a. Sien Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 86.  
b. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 67.

om te wete te kom watter beroepskeuse hulle kinders moet doen: hulle ken nie die aanleg of begaafdheid van hulle kinders nie of die stand van sake in verband met vraag en aanbod vir betrekkinge nie. Die buro vir beroepskeuse ondersoek die sake en gee voorligting. Die buro's het egter tot dusver alleen adviserende bevoegdhede. Die gedagte win egter veld dat die buro's meer mag moet besit: dit is dieselfde gees wat die kind tot eiendom van die gemeenskap wil maak en die individu, met sy gawes en talente, as eiendom aan die gemeenskap wil toesê.<sup>1)</sup> As die afsonderlike persone dan nie hulle talente goed bestee nie, wil die nuwe rigting dat die staat die reg moet hê om beslag op die talente te lê. Elkeen moet in die maatskappy 'n plek beklee ooreenkomstig sy bevoegdheid. Elkeen moet ingepas word waar hy die beste tuishoort en die mees-<sup>2)</sup> te kan presteer: „the right man on the right place“.

As die jongman gebrek aan middele het, moet dit geen struikelblok wees nie: die rykbegaafde ontvang steun vir die nodige opleiding van die gemeenskap sodat hy na sy aanleg ten volle kan ontwikkel. Eers as hierdie stadium bereik is, kom daar harmonie in die gemeenskap; dan seëvier reg en verdienste oor toeval en willekeur.<sup>3)</sup> Seleksie na begaafdheid en bekwaamheid is immers beter as seleksie na heerskappy van die toeval wat gewoonlik die meeste waarde heg aan die geld en goed van die persoon wat 'n beroepskeuse moet doen.

(ii) Besware teen Seleksie.

Bavinck erken die groot voordeel van beroepsvoorligting maar hy meen dat die besware daarteen talryk is. Die

---

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 238.

2.a. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 91;  
b. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 86.

3. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 91.

grondbeswaar is vir hom daarin geleë dat gewes en talente, sowel as die besit van kinders tot vrye beskikking van die gemeenskap staan. Die ouer se reg word misken. Sodra die buro's vir skool- en beroepskeuse in naam van die gemeenskap die seleksie gaan toepas of in die lyn van Darwin en Nietzsche 'n hoër menslike geslag wil kweek, gaan dit sy bevoegdhede te buite.<sup>1)</sup>

'n Verdere beswaar is die rasionalisering van die skoolkeuse en beroepskeuse: daar word hoofsaaklik gelet op die kind se intellektuele begaafdheid, aangesien dit die maklikste vas te stel is en eerste die aandag trek.<sup>2)</sup> Baie belangrike faktore soos die sedelik-godsdienstige eienskappe en karaktertrekke, wat vir baie beroepe en ook vir die studie soms van oorwegende betekenis is, bly hierdeur buite oorweging. Die maatskappy word sodoende gefintellektualiseer.

Bavinck sien ook beswaar in die yking van toetse omdat omgewingsfaktore begaafdheidsverskille meebring. Objektiewe ondersoek is nie alleen moeilik nie maar daarby kom nog die volgende vrae: of algemene intelligensie 'n sentrale faktor is; hoe ons die begrip intelligensie omskryf; wat dominerend is: fantasie, geheue, wilskrag of opmerkzaamheid. Hierby voeg Bavinck nog: die hoërskole word oorval; die geleerde proletariaat sal ongelukkig buite sy milieu voel en deur hom los te maak van plekke waarin hy opgegroeï het, bewys ons hom geen guns nie. Ook as 'n kind uitnemend geskik is vir 'n beroep kan hy tog nie daartoe gedwing word sonder sy belangstelling nie.<sup>3)</sup>

---

1. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 132.

2. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 93.

3. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 238.

Ten slotte maak hy nie van sy lewe 'n mislukking indien hy nie die geskikste loopbaan gekies het nie. Deur aanpassing, oefening, toewyding en trou kan die mens van sy betrekking 'n sukses maak; want waar 'n wil is, is 'n weg.<sup>1)</sup>

(iii) Opmerking.

Samevattend sou Bavinck se besware wees dat die psigologie nie fisika is nie; daarom is die natuurwetenskaplike metode van meet af gevaarlik.<sup>2)</sup>

<sup>3)</sup> Bavinck se besware is egter nie van ernstige aard nie, want intussen het die ervaring ten gunste van die verskillende toetse beslis. Veral onderwys aan spesiale klasse kan daarsonder nie klaarkom nie, terwyl dit vir die keuse van 'n beroep reeds uitstekende resultate gelewer het. Van belang is dat die individuele aanleg in aanmerking kom en die beste kans tot ontplooiing kry in die regte beroep.

Dit is wel waar dat ywer, energie, sedelike deeglikheid en pligsbesef gewigtige faktore is vir studie en uitoefening van 'n beroep, maar dit is ook waar dat die persoon wat hierdie bevoegdheide besit, 'n groter sukses sou maak as hy deur die regte beroepskeuse in 'n beroep geplaas word waarin hy fisies en psigies beter pas.

Tog het Bavinck met sy hoofbeswaar die saak baie juis gestel en goeie invloed laat uitgaan: hy het die proefnemers oortuig van die belangrikste faktor, naamlik die persoonlikheid.

<sup>4)</sup>  
(d) Die Eenheidskool.

(i) Wat ons daaronder Verstaan.

- 
1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 94.
  2. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 67.
  3. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 88.
  4. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 174.

Die ideaal waarmee Bavinck geensins saamstem nie, is die eenheidskool: „Hieronder verstaat men eene algemeene volksskool, die geheel en al door den staat onderhouden wordt, voor alle leerlingen kosteloos is, uit hetzelfde aantal leerjaren bestaat en door alle kinderen des volks zonder onderscheid van stand bezocht moet worden.”<sup>1)</sup>

Die eis van die eenheidskool vloei voort uit die vooropgesette ideaal dat die skool 'n aangeleentheid van die gemeenskap is en almal ten goede moet kom.

Aan die linkersy word selfs geëis dat die skool neutraal, dit is godsdienstloos, moet wees. Ander eis weer skoolvoeding, skoolkleding en skoolbaaie as deel van die skool; nog ander wil gemengde skole hê. Die hoofsaak vir almal is om 'n einde te maak aan die standeskool of enigiets wat daarop lyk.

Die eenheidskool wat 'n brandende vraagstuk was in die tyd waarin Bavinck skryf <sup>2)</sup> het ook reaksie uitgelok van Rooms-Katolieke kant. <sup>3)</sup> Die skool wil eenheid hê: in sosiale sin, in godsdienstige sin, in seksuele sin, in didaktiese sin, in organiese sin en in politieke sin. <sup>4)</sup>

(ii) Bavinck se Besware teen die Eenheidskool.

Die eenheidskool is nie in stryd met selêksie nie maar maak dit juis moontlik. As egter die psigografie 'n regverdige en billike uitspraak oor die kinders wil gee, moet die omstandighede waarin hulle gebore word en opgroei soveel moontlik dieselfde wees. Almal moet gelyke kanse in die eenheidskool kry.

- 
1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 80 - 81.
  2. S: „De Eenheidsschool”, in Paedagogisch Tijdschrift, 1921, 303 - 305.
  3. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 89.
  4. Van't Loo: „Wat is de Eenheidsschool”, oorgeneem uit „Ons Eigen Blad”, 1920, 243 - 237 en 241 - 244 in Paedagogisch Tijdschrift, 1920, 60 - 64.

Aan die religieuse eenheidskool wat 'n godsdienst wil onderwys wat almal tevrede stel, wy Bavinck slegs 'n paar sinne omdat die skoolstryd bewys dat die Christen daarmee nie gediend is nie.<sup>1)</sup>

By die sosiale eenheidskool staan Bavinck uitvoeri-ger stil. Die demokratiese neiginge speel hierby 'n ver-name rol. Die voorstanders verwys na Amerika en Duitsland. Bavinck beweer dat dit ten onregte is omdat die skole aldaar geen owerheidskool is nie, maar 'n volkskool wat deur skool-besture daargestel is en onderhoud uit skoolfondse en beson-dere skoolbelasting ontvang. Eintlike standeskole bestaan daar in werklikheid nie meer nie,<sup>2)</sup> tog wil Bavinck nog op 'n sagte wyse enigsins vir die standeskool in die bresse tree.

Van die eenheidskool verwag hy egter niks.<sup>3)</sup> Van-uit godsdienstig-sedelike standpunt het die skool geen reg van bestaan nie,<sup>4)</sup> maar vanuit die psigologiese standpunt is dit vir Bavinck nog vreemder dat die eenheidskool in 'n tyd kom „waarin de differentiële psychologie het aanzijn ont-ving en de paedagogiek op eene individualiseerende opvoeding aandringt.”<sup>5)</sup> Die psigologie stel ons in kennis van ver-skillende begaafdhede, vatbaarhede, tipes en karakters onder die leerlinge, en die teenswoordige pedagogiek eis dat daar-mee gereken moet word deur skole daarvolgens te differensieer.

Laasgenoemde is ook 'n bewys dat die gety draai teen koëdukasie en koïnstruksie; dit is die gemeenskaplike opvoeding en onderwys van seuns en dogters in die laer- maar

---

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 84.

2. Ibid., 86.

3. Ibid., 87.

4. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 239.

5. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 87.

veral in die hoërskool.<sup>1)</sup> Hierdie gemengde skole het in Amerika ontstaan nie as gevolg van die eise van die pedagogiese teorie nie, maar louter uit nood en as gevolg van die primitiewe toestande waarin die koloniste verkeer het. Later is die praktyk tot teorie verhef, bo mate geïdealiseer en op allerlei gronde aanbeveel. Naas die voordele verbonde aan koëdukasie is daar ook nadele, waarop veral deur Stanley Hall gewys is. Die swaarste slag is daarin toegedien deur die differensiële psigologie en die daarop gebaseerde empiriese pedagogiek. As daar dan onder kinders soveel verskille bestaan as wat die psigologie aantoon en die pedagogiek daaruit konklusies trek, dat 'n mens die skole moet differensieer en die opvoeding moet individualiseer, dan is dit dwaas om die groot verskil wat tussen seuns en meisies bestaan oor die hoof te sien. By die laerskool, waar geslagsverskille nog nie so sterk spreek nie, is koëdukasie nog moontlik, maar in die puberteitsjare, wanneer die verskil so groot is, is dit 'n miskenning van die regte van lewe en natuur van seuns en dogters. „Differentiatie toch is niet schadelijk, maar bevorderlijk aan het onderwijs.”<sup>2)</sup>

(iii) Opmerking.

Die laaste sin is reeds genoegsaam bewys dat Bavinck geen voorstander van die eenheidskool is nie. By koëdukasie, wat hy op grond van psigologiese oorwegings afkeur, laat hy egter na om in te gaan op die moontlikheid dat dogters en seuns op so 'n gemengde skool verskillende vakke kan bestudeer wat by hulle aanpas.<sup>3)</sup>

Om psigologiese redes laat Bavinck in die laerskool

- 
1. Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 167.
  2. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 88.
  3. Sien Bavinck: De Vrouw in de Hedendaagsche Maatschappij, 165.

meer eenheid en vryheid toe omdat die verskille daar nie so groot is nie.

(e) Die Werkskool.

Die werkskool is vir Bavinck ook 'n uitvloeisel van die demokratisering van die skool wat op politieke oorwegings<sup>1)</sup> berus en nie op psigologiese of pedagogiese grondslag nie.

Bebel se toekomsstaat waarin elkeen, ook kunstenaar en geleerde, hande arbeid moet verrig, bring mee dat in die leerstof van die skool 'n veel groter plek aan die arbeid afgestaan moet word. Na Amerikaanse voorbeeld is die tyd van die oog en oor as sintuie vir geestelike vorming verby: tans lê die nadruk op hande arbeid. Kerschensteiner is verteenwoordiger van die werkskool in Europa.

Bavinck wys daarop dat daar nie so 'n groot teenstelling tussen die werkskool en leerskool is nie. Op laasgenoemde is die kind aktief, terwyl hy op die werkskool ook dikwels sal moet luister.<sup>2)</sup>

Handewerk is goed, maar dit is net een van die vorme van arbeid: daar is nog arbeid van die gees, van die verstand, van die gemoed en wil, van die geheue, die verbeelding en die oordeel. Die arbeid is ook in die laerskool ingesluit by vakke soos geskiedenis, aardrykskunde, lees, skryf en reken waarby die kinders nie passief is nie.<sup>3)</sup>

Bavinck onderskryf die noodsaaklikheid dat ons die kind meer as vroeër die geval was vir die beroepslewe moet

---

1. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 89.

2. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 217.

3. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 98.



oplei. Die laerskool veral moet meer aansluiting soek by die vakonderwys wat later volg en daarmee ook by die lewe. Die leerstof het eie reg en waarde maar dit vlieg as dit in die lewe nie meer gebruik word nie. Daarom is die onderwysmetode ook van so groot belang waardeur die formele betekenis van die onderwys tot sy reg kom.

So dring Bavinck weer die vraagstuk van die werkskool weg van die politieke terrein na die terrein van die psigologiese pedagogiek. Met die beginsel van selfwerkzaamheid wat die onderwys moet beheers, is die skynbare teenstelling: luisterskool- werkskool, versoen.<sup>1)</sup> Die leerskool kry nie 'n werkskool naas hom nie, maar word deur aktiewe deelneming van die kind self 'n werkskool. In die skool kry dus die oog, die oor en die hand kans om te ontwikkel.<sup>2)</sup> So ontwikkel siel en liggaam.

Bavinck wys die ideaal van staatsburgerlike opvoeding van die hand, omdat dit in stryd is met die hoogheilige katolisiteit van die Christendom. Die skoolinrigting moet uitgaan van die ouer; die kerk moet waak oor die skool en die leer en die godsdienstig-sedelike opvoeding neem die belangrikste plek in die skool in.

(f) Samevatting.

(i) Bavinck ondersoek in sy geskifte oor die skoolinrigting veral die opkomende invloed van rasionalisme, demokrasie en sosialisme wat gedurende die eerste wêreldoorlog ontstaan het.

(ii) Die Christelike skool het reeds in Holland bestaan, daarom werp hy sy blik op die opkomende gedagtes.

---

1. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 69.

2. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 101.

(iii) Bavinck erken die waarde van seleksie en beroepsvoorligting op grond van psigologiese verskille by individue. Sy beswaar is egter daarteen dat deur beroepsvoorligting die gawes en talente van die individu tot vrye beskikking van die gemeenskap geplaas word. Die grootste waarde van beroepsvoorligting lê nie daarin hoe die staat sal baat nie maar wel die persoonlikheid.

(iv) Vir die eenheidskool, waarin mense wat verskil op sosiale, godsdienstige, seksuele, organiese en politieke gebied saamgehoek word, het Bavinck geen liefde nie.

(v) Om psigologiese redes, veral op grond van die differensiële psigologie, veroordeel hy die onderwys van verskillende geslagte en gelowe in een soort skool.

(vi) Seuns en dogters kan in die laerskool nog saam onder-  
rig ontvang, maar in die hoërskool is die psigologiese verskille so groot dat hulle in aparte skole opgevoed moet word.

(vii) Bavinck wil die teenstelling van leerskool- werkskool versoen deur aan albei reg te laat geskied. Om psigologiese redes wil hy nie net die siel of die liggaam ontwikkel nie, maar beide siel en liggaam.

#### 4. Bavinck se Psigologie en die Onderwyser.

##### (a) Inleiding.

Bavinck skryf nie afsonderlik oor die onderwyser nie, behalwe in 'n rapport oor die opleiding van onderwysers, 1) waarin gewys word op die vroeëre opleiding in die buiteland, op die eise van die opvoeding en op die eise vir die Gereformeerde kweekskoolopleiding.

---

1. Bavinck, Visscher en Van Wijlen: De Opleiding van den Onderwijzer.

Oral in sy werke verspreid egter vind ons sy beskouings oor en sy eise aan die onderwyser. Soos in sy hele Christelike persoonlikheid wat in een stuk geweef is, pas ook sy beskouing oor die onderwyser in die raamwerk van die geheel. Die onderwyser is die sentrale persoon by die opvoeding van die kind en as sodanig eis die opvoeding sy hele persoonlikheid.

(b) Opvoeding vra die Ganse Persoonlikheid van Opvoeder en Opvoedeling.

Almal wat met die opvoeding en onderwys belas is, moet met hulle ganse persoonlikheid inwerk op die onervare jeug wat aan hulle toevertrou is.<sup>1)</sup> Die opvoeder moet die jeug se verstand verlig, sy gemoed reinig en die wil ten goede neig. Daartoe is nodig dat die opvoeder hom met sy hele verstand, siel en krag aan die opvoeding en onderwys moet wy, sodat die op te voede jeug daaruit kan opneem, verwerk en toepas.<sup>2)</sup>

Die verstand, wil en gemoed is nie van mekaar te skei nie: hulle is in voortdurende gemeenskap met mekaar en werk onophoudelik op mekaar in. Tog tree eers die een en dan die ander op die voorgrond. Hiervan moet die onderwyser kennis dra. Die hoofsaak is egter dat die opvoeding 'n werk is wat deur 'n ganse mens aan 'n gehele mens volbring moet word.<sup>3)</sup> By sowel opvoeder as opvoedeling is die gehele persoonlikheid, verstand, hart en wil saam gemoeid; daarom is die persoonlikheid van die onderwyser van soveel belang.<sup>4)</sup> Die handeling

---

1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 141.

2. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 231.

3. Ibid., 232.

4.a. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 67;

b. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 66 - 68.

c. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 78.

by opvoeder en opvoedeling mag nooit eensydig of tot een sy beperk wees nie: aan die werksaamheid van die een moet steeds die werksaamheid van die ander beantwoord. Onderwyser en leerling, leier en geleide moet in gedurige verbinding bly en mekaar vir geen oomblik kwyd raak nie.<sup>1)</sup> Die opvoeder moet dus goeie kennis dra van die stof wat hy wil behandel; hy moet die betekenis daarvan insien en dit op 'n aangename wyse oordra. Om egter die jeug liggaamlik en geestelik op te lei, het die opvoeder kennis van die jeug nodig, en die psigologie verskaf hierdie kennis. Kennis alleen is egter nie genoeg nie: behalwe kennis van die stof en van die kind moet die opvoeder ook die leerling se belangstelling wek. Hoewel belangstelling nie alles in die opvoeding is nie, is dit noodsaaklik. Ook hiervoor is kennis van die psigologie nodig. Maar die opvoeder moet ook aan die kind leer dat alles nie uit belangstelling gedoen moet word nie; daar moet inspanning, selfverloëning en strenge pligsbetragting wees.<sup>2)</sup> Deur belangstelling te wek, maak die opvoeder die eentonige werk interessant want aan die leerling moet hy stel 'n hoër, goddelike roeping waaraan 'n ideale sy te ontdek is.

Die lewe is altyd en oral belangrik as 'n mens weet hoe om dit aan te pak; daarom moet die opvoeder nie alleen sy leerling se belangstelling wek nie maar hom ook tot self-werksaamheid prikkel. Dan word die onderwyser se woord nie alleen met die oor gehoor nie, maar ook met die hart verstaan en daar bewaar en vasgelê. Gesonde psigologie leer ons dat die woord die vernaamste middel tot onderrig is.<sup>3)</sup>

---

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 232.

2. Ibid., 233.

3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 150.

(c) Status van die Onderwyser.

Die onderwyser neem 'n ereplek in die lewe in omdat hy die plaasvervanger van die ouers is.<sup>1)</sup> Die skool is die nuwe huis van die kind waarin hy hom moet aanpas; tog is dit in werklikheid nie 'n huis nie, net so min as wat die kerk 'n werkplek kan wees. Die skool is die oorgang van die klein huislike omgewing na die groot wêreld. Om hierdie oorgang te bewerkstellig, moet die onderwyser met takt toegerus wees.<sup>2)</sup>

Die onderwyser moet harmonie bring tussen die kind en die lewe;<sup>3)</sup> sy voorstellingswêreld verhelder, uitbrei en verryk, sodat hy later in die wêreld sy weg ken en homself kan help om in die wêreld op te tree soos 'n mens van God, vir alle goeie werke volkome toegerus.<sup>4)</sup> Dit is 'n hoë taak wat aan die onderwyser gestel word en 'n heerlike status wat hy bekleed.

Bavinck waarsku teen twee foute wat die opvoeder kan begaan. Die eerste is dat die onderwyser hom nie moet verhef en op hoogdrawende wyse sy wysheid verkondig nie. Tweedens moet die kind se swakontwikkelde voorstellingswêreld nie verag en as onbruikbaar bestempel word asof dit uitge-roei en vervang moet word nie. Die ouerhuis is die plek waar die kinderliggaam en siel die beste in die voorskoolse periode pas, daarom moet die onderwyser nie smalend praat oor die kind soos die ouerhuis hom aanbied nie, maar die kind in dankbaarheid aanvaar.

Die status van die onderwyser beteken nie net dat hy plaasvervanger van die ouer is nie, maar hy is ook leer-

---

1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 132 - 141.

2. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 67.

3. Sien Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 120 - 121.

4. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 144.

meester. As leermeester is sy taak nie alleen om die kind se aanskouingswêreld uit te brei, om aan hom dinge te toon en met woorde toe te lig en te verklaar nie. Sy taak is veel hoër en breër: dit is sy werk om met behulp van die kind se aanwesige voorstellingsmateriaal 'n nuwe wêreld vir sy bewussyn te ontsluit, 'n wêreld wat die kind nog net uit die verte geken het. Lese, skryf en rekene lei die kind reeds in 'n nuwe wêreld in, maar taal en geskiedenis, aardrykskunde en natuurkennis doen dit veel beter. Ook hier moet die onderwyser psigologiese kennis van die leerling hê om sy metode by die kinderleeftyd te laat aanpas.<sup>1)</sup>

Die onderwys het van nature die woord tot draer en kan alleen deur middel van die woord ver**strek word**. Want onderwys is altyd mededeling van gedagtes en die oorbrengring van voorstellinge uit die onderwyser se bewussyn na die van die kind. Die woord bly vir Bavinck die beste uitdrukking van die mens se bewuste lewe.<sup>2)</sup> Die onderwyser doen self sy kennis uit boeke op en geen skool kan sonder boeke bestaan nie, maar die draer van die kennis is en bly die woord.<sup>3)</sup>

Van belang dus vir die status van die onderwyser is ook die onderwyser as spreker. Bavinck stel hoë eise aan die onderwyser as spreker.<sup>4)</sup> Hy self was 'n uitnemende spreker wat uitermate geboei het; daarom ook dat hy soveel waarde daaraan heg.

Die woord, fisies beskou, is niks anders as 'n klank, 'n geruis wat deur lugtrillings gedra en in simboliese

---

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 146.

2.a. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 218.  
b. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 177.

3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 148.

4. a. Hepp: Dr. H. Bavinck, 90;  
b. Kok: Dr. H. Bavinck, 35 - 37;  
c. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 5.

tekens vasgelê word nie. Tog is die woord draer van 'n geestelike inhoud, uitdrukker van gedagtes, tolk van die sielelewe en verklaarder van die werklikheid. As spreker gebruik die onderwyser dan die woord om sy kennis na die opvoeding oor te dra.<sup>1)</sup>

As plaasvervanger van die ouer het die onderwyser 'n hoë status, naamlik om Gods kinders op te voed.<sup>2)</sup> Hierdeur word die onderwyser egter ook met gesag bekleed wat aan die ouer toegestaan is.<sup>3)</sup>

(d) Gesag van die Onderwyser.

God gee die kind aan ouers en beveel hulle om die kind op te voed tot Sy eer en tot die kind se saligheid. Dit is 'n heilige roeping.<sup>4)</sup> Hierdie pligte word aan die onderwyser oorgedra en word hy so met gesag van die ouer bekleed.<sup>5)</sup> Daarom moet hy ook suiwer kennis dra van die gewyde geskiedenis om uit daardie oogpunt sy oordele te vel.<sup>6)</sup>

In die moderne tyd egter word die onderwyser se gesag ondermyn<sup>7)</sup> en selfs die van die ouer,<sup>8)</sup> waardeur die kind se opvoeding as 'n selfstandige, vrye en onafhanklike mens ondermyn word.<sup>9)</sup> Oor die ondermyning van die gesag voel Bavinck beswaar.

- 
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 148.
  2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, III, 198 - 205.
  3. Sien Bavinck: Ouders of Getuigen.
  4. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 48.
  5. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 190.
  6. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, 474.
  7. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 43.
  8. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 149.
  9. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 122.

(e) Opleiding van die Onderwyser.

Bavinck, wat prinsipes vir die onderwys neerlê, wil ook hervorming hê by die opleiding van onderwysers en veral by die onderwysers vir Gereformeerde skole.

Verbetering en hervorming is nodig en noodsaaklik by die opleiding van onderwysers waardeur hulle nie net grondige kennis sal maak met „Bildungsideale“ in hulle historiese ontwikkeling nie, maar waardeur hulle ook ’n dieper insig sal kry in die eienaardige eise en behoeftes van die teenswoordige tyd. Daarby kom die Christelike opvoedingsideaal in teenstelling met die ander ideale duidelik na vore.

Deur onderwysers formeel beter op te lei, bereik ’n mens tog nie veel nie. Daar moet in aanmerking geneem word dat die duisende onderwysers in verskillende skole geen genieë is nie; daarom moet ons met die gawes wat God skenk<sup>1)</sup> genoeg neem en daarop bou.

By die verbetering van die opleiding kom dit vir die Christen allereers aan op kwaliteit en nie op kwantiteit nie; daarom moet daar van enger kring na buite uitgegaan word. Die eerste en ernstigste vraag is dan ook na die Christelike karakter van die onderwyser.<sup>2)</sup> Daarmee word nie bedoel dat die opleiding hom moet beperk tot godsdiensonderwys nie, maar die opleiding moet ’n Gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing tipeer.<sup>3)</sup>

Bavinck wil die godsdiensonderwys beperk tot een uur Bybelgeskiedenis per week, terwyl die hoogste klasse ook onderrig in geloofsleer en kerkgeskiedenis ontvang.<sup>4)</sup>

- 
1. Bavinck, e.a.: De Opleiding van den Onderwijzer, 53.
  2. Sien Meijer: „Wie moet voor Onderwijzer(es) Studeren“, in Paedagogisch Tijdschrift, 1932, 85.
  3. Bavinck: Christelijke Wereldbeschouwing, 84 - 85.
  4. K.v.d.B.: Recensie: „De Opleiding van den Onderwijzer“ van Bavinck e.a. in Paedagogisch Tijdschrift, 1914, 11.



Die toon van die onderwys moet daarin uitkom dat godsdiens elke mōre by die samekoms 'n ereplek inneem. Maar van groot belang is dat hy by die onderwys van natuurwetenskaplike vakke die onderskeid tussen die Christelike wêreldbeskouing met sy skeppingsleer<sup>1)</sup> en die ewolusieteorie van die moderne tyd, duidelik aantoon.<sup>2)</sup> Die kwekeling moet duidelik bewus wees van die prinsipiële Christelike standpunt in teenstelling met die ander. So word by die onderwys van geskiedenis die mensekind se historiese wording gesien in die lig van die Heilige Skrif. Daaruit kan blyk hoe die Voorsienigheid van God in die loop van tye besig was met die Koninkryk van God.<sup>3)</sup>

Die vak pedagogiek wat in betekenis en waarde daaglik toeneem, moet spesiaal genoem word. Die eienaardige van die Christelike pedagogiek is vir Bavinck nie daarin geleë dat dit op al die punte van die onderwys en opvoeding iets anders verkondig nie. Christendom en wysbegeerte of wetenskap hoef nie strydig met mekaar te wees nie, daarom het ook die Christelike opvoedkunde voordeel uit die feite wat die wetenskappe aan die lig bring.

Geen opvoeding is egter moontlik sonder kennis van die oorsprong en bestemming van die mens nie.<sup>4)</sup> Hierop gee<sup>5)</sup> alleen die Christendom antwoord. Daarom sal die Christelike pedagogiek, al stem dit ook in baie opsigte ooreen met ander standpunte, tog prinsipiële 'n eie karakter dra; dit sal dieselfde sake vanuit eie standpunt besien. Waar daar teenswoordig soveel rigtinge in die pedagogiek is, sal die Christelike pedagogiek die feite op sy eie wyse benader.

- 
1. Bavinck: Schepping of Ontwikkeling, 41.
  2. Bavinck: Christelike Wêreldbeskouing, 100.
  3. Bavinck, e.a.: De Opleiding van den Onderwijzer, 55.
  4. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II, 471 e.v.
  5. Ibid., 524 e.v.

Die opleiding van onderwysers moet daarop bereken wees om kwekelinge te vorm tot ontwikkelde, godsdienstige en sedelik hoogstaande mense wat bewus <sup>1)</sup> is van die gewigtige taak wat op 'n Christelike onderwyser rus. Om onderwysers op te lei wat die uitnemende opvoedingsinstituut, naamlik die huis-<sup>2)</sup> gesin, se werk voort te sit, is dit nodig om te let op die aanleg en karakter van leerlinge wat hulleself as onderwysers wil bekwaam. Daar moet op gelet word of daar goeie getuie- nis oor die kandidaat is, of hy deur liefde vir onderwys en kind tot die loopbaan aangetrokke voel.

Van allergrootste belang egter is die gehalte van dosente wat die opleiding van onderwysers behartig, aangesien aan hulle 'n belangrike taak toevertrou is. Hulle is besig <sup>3)</sup> met die rypere jeug, wie se gemoed besonder ontvanklik is. Daartoe is nodig nie alleen grondige kennis nie maar ook deug- de soos wysheid, versigtigheid, lydsaamheid, takt, opgewekt-<sup>4)</sup> heid, moed, hoop en vertroue.

Die Christelike onderwys, omdat hy die naam van Christus dra, stel hoë eise aan die persoonlikheid van die onderwyser: met 'n breë ontwikkeling moet hy in staat wees om die Christelike lewens- en wêreldbeskouing tot sy reg te laat kom.

Die godsdienstig-sedelike opvoeding is van die allergrootse belang en moet insonderheid in die huidige wêreld op die voorgrond gestel word, omdat duisende <sup>5)</sup> in die huidige maatskappy met kerk en godsdiens gebreek het.

- 
1. Bavinck, e.a.: De Opleiding van den Onderwijzer, 56.
  2. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 138.
  3. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 145.
  4. Bavinck: De Opleiding van den Onderwijzer, 57.
  5. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 145 - 146.

By die opleiding van onderwysers is hervorming nodig, maar as die hervorming daarin bestaan dat daar 'n vermeerdering van lesure, leerjare, vakke en leerboek is, dan is die hervorming onvoldoende. Van veel groter belang is die ontwikkeling van die eie persoonlikheid.<sup>1)</sup> Die eksamenpunte<sup>2)</sup> is tog geen maatstaf van deeglikheid en karakter nie. En ons weet dat „zoveel van de persoonlikheid van den opvoeder<sup>3)</sup> afhangt.”

(f) Opmerking.

Telkens bemerk ons dat Bavinck aan die onderwyser van sy tyd nie te hoë eise wil stel nie en tog hoë ideale voorhou. Die feit dat dit dertien jaar geduur het voordat sy „Paedagogische Beginselen” 'n herdruk beleef het, is ook bewys dat die meesters nog nie van hulle „kikker”-perspektief ontkom het nie.

Sy psigologie is van besondere betekenis vir sy beskouing oor die onderwyser, maar dit geld ook nog net so vir die onderwyser van vandag. Aan hom is toevertrou die skepsel van God, die kind, en om hierdie kind op te voed na die uiteindelijke doel moet hy kennis hê nie alleen van sy wese en oorsprong nie maar van sy geestelike ontwikkeling: kennis dus van die Christelike psigologie. Met sy hele persoonlikheid moet hy dan inwerk op die kind se hele persoonlikheid om hom sodoende tot volwassenheid te lei. Daarom is dit sy hoogheerlike taak om die kindersiel tot oorwinning te voer. Om daartoe in staat te wees, moet die onderwyser self aan die hoë eise van die doel voldoen. Hy is egter ook maar 'n mensekind.

---

1. Bavinck: De Overwinning der Ziel, 29.

2. Bavinck, e.a.: De Opleiding van den Onderwijzer, 58.

3. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 67.

Die onderwyser bemoei hom met die uitgangspunt in die pedagogiek, naamlik die gedoopte kind wat met sy ouers en dus ook met sy onderwyser in 'n bepaalde verhouding tot God staan. Die ontwikkeling van sintuie en vermoëns neem 'n belangrike plek in by Bavinck se opvoeding, maar die vorming van die kind tot mens van God, dit is Gods dienaar, is sy hoogste doel. Daartoe moet die onderwyser meehelp.

(g) Samevatting.

(i) Die taak van die opvoeding, wat 'n heerlike taak is, is die van die ouer: in die skool neem die onderwyser egter die taak gedeeltelik oor.

(ii) Die onderwyser werk met sy ganse persoonlikheid in op die onervare jeug, daarom word aan die onderwyser se persoonlikheid die hoogste eise gestel.

(iii) Om die kind te ontwikkel, moet die onderwyser kennis dra van die psigologie van die opvoeding, wat as beeldraer van God geskape is.

(iv) Die status van die onderwyser as plaasvervanger van die ouer stel hom in die geleentheid om op verskillende metodes maar veral deur die woord die kind se lewens- en wêreldbeskouing in die regte rigting te lei.

(v) Bavinck skenk baie aandag aan die opleiding van die onderwyser, omdat hy as opvoeder toegerus moet wees met kennis, takt, bekwaamheid, wysheid, lydsaamheid, moed, hoop en vertroue, maar bo alles met 'n persoonlikheid en 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing wat hy in die uitvoering van sy plig uitleef.

(vi) Bavinck se psigologie, gefundeer op waarhede van die Heilige Skrif, is vandag nog vir die onderwyser van besondere betekenis.